



AVE: 4023.61 (ZAR)

Rukwind rig groot skade aan Pukke se sonkar aan

Susan Cilliers

Sonkar-geesdriftiges van oor die wêreld heen en alumni van die Noordwes-Universiteit (NWU) werk sonder ophou om die universiteit se sonkar betyds te herstel vir 'n internasionale ren wat vandag begin.

'n Rukwind het die Sirius X25 geskep en omgegooi terwyl die NWU-span Donderdag in Pretoria 'n finale tydtoets gedoen het.

Die sonkar het skade aan sy sonpanele, die nie-lasdraende struktuur, kajuitdop, bedrading en dele van die onderstel opgedoen, sê Johan van Zyl, woordvoerder van die NWU se Potchefstroom-kampus.

Die NWU neem teen 12 internasionale spanne deel aan die Sasol Solar-uitdaging wat op

1 Oktober in Kaapstad eindig. Die NWU se sonkarspan is nou die Afrika-kampioen.

Van Zyl sê spanne van onder meer Nederland en Hongarye help dag en nag om die Sirius X25 betyds te herstel voordat hulle wegspring.

Estienne Janse van Rensburg, een van die span van 25 ingenieurstudente aan die NWU wat deel is van die projek, het bestuur toe die ongeluk gebeur het, maar is nie beseer nie.

Die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR) van waar die spanne vandag uit Pretoria vertrek, het sy geriewe vir die herstelwerk beskikbaar gestel.

Prof. Albert Helberg, spanbestuurder van die Sirius X25, sê die gebeure is tekenend van die

spangees wat ten tyde van die uitdaging heers.

Ses van die spanne is van die buiteland, onder meer wêreldkampioene van Nederland en Japan. Die spanne mag nie langer as agt dae ry nie.

Die Sirius X25 weeg 'n skrale 196 kg en kan tot 135 km per uur bereik. Danksy borge het die studente dit self gebou en sonpaneeltegnologie van Gochermann, 'n Duitse maatskappy, is gebruik. Die NWU was in 2012 in hul eerste Sasol Solar wenners in die Olympia-klas.

Die studente ry sedert 2013 met die Sirius X25 en verbeter dit elke jaar om doeltreffender te wees, sê Helberg.

■ Die sonkarre kan môre van 16:30 af by Kopano Nokeng buite Bloemfontein besigtig word.



Die NWU se sonkarprojek-ingenieurs vroeër by hul sonkar, die Sirius X25.